NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur | 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n Addendum van 11 bladsye (i–xi). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. In hierdie vraestel is daar drie afdelings:

   AFDELING A: Begrip, Taal en Styl (50 punte)
   AFDELING B: Poësie (30 punte)
   AFDELING C: Visuele Geletterdheid en Kritiese Taalbewustheid (20 punte)

3. Beantwoord AL die vrae in Afdeling A en C.

4. In Afdeling B is daar een keusevraag, nl. Vraag 5 of 6. Beantwoord dus drie vrae in hierdie afdeling: Vraag 4 (verpligtend), Vraag 5 of 6 (kies een) en Vraag 7 (verpligtend).

5. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

6. Begin elke vraag **boaan 'n nuwe bladsy**. Rofwerk moet duidelik aangedui word.

7. Laat 'n reël oop tussen antwoorde en moenie in die kantlyne skryf nie.

8. Lees die instruksies by ELKE vraag noukeurig deur en voer die opdragte presies daarvolgens uit. Let op die puntetoekenning by elke vraag en gebruik dit as riglyn vir die antwoord se lengte.

9. Langs die nommer van sommige vrae kom die afkorting ***MS*** voor. Dit beteken dat daardie spesifieke vraag volgens 'n **metingskaal** nagesien sal word. Jou antwoord moet 'n uitgebreide paragraaf wees, aangesien jou vermoë om te argumenteer en inligting te integreer, beoordeel sal word.

10. By elke vraag word 'n voorstel gemaak omtrent die aantal minute wat jy daarvoor moet gebruik om te verseker dat jy die vraestel in die gegewe tyd voltooi.

11. Skenk aandag aan taalversorging.

IEB Copyright © 2022

AFDELING A BEGRIP, TAAL EN STYL

VRAAG 1

Gebruik ongeveer 40 minute vir hierdie vraag.

Lees die rubriek "'Mensboeke' is nie vir die graf bedoel nie" deur Julian Jansen (Teks 1 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

1.1 Hoe sluit die lys in paragraaf 1 aan by die tema van die rubriek, naamlik storievertelling? (1)

1.2 Verwys na die sterk verlede deelwoord **ongesproke** (paragraaf 3).

1.2.1 Van watter werkwoord is hierdie deelwoord afgelei? (1)

1.2.2 Wat beteken **ongesproke** in die konteks van paragraaf 3? (1)

1.3 Verwys na paragraaf 5.

1.3.1 Skryf paragraaf 5 oor en gebruik slegs indirekte rede. (2)

1.3.2 Watter vorm werk die beste in paragraaf 5, met inagneming van die konteks van die rubriek: die direkte rede of die indirekte rede? Verduidelik jou antwoord. (2)

1.4 Verduidelik die dubbelsinnigheid van die Engelse woord "trip" in paragraaf 6. (2)

1.5 Wat beteken dit dat die twee vroue hulle boeke "uit die hand" verkoop (paragraaf 8)? (1)

1.6 Behoort die twee vroue se boeke die koerant te haal (paragraaf 10)? Verskaf TWEE redes, een wat begin met "Ja, want ..." en een wat begin met "Nee, want ..." (2)

1.7 Verduidelik die verwantskap tussen paragraaf 11 en paragraaf 12, 13 en 14. (2)

1.8 Waarom word aanhalingstekens in paragraaf 12, 13 en 14 gebruik? (1)

1.9 Hoekom, dink jy, kan 'n "uitlener" net vir 30 minute met 'n "mensboek" gesels (paragraaf 13)? (2)

1.10 Met watter leesteken behoort paragraaf 15 te eindig? Verduidelik jou antwoord. [Let wel: daar word nie ’n punt toegeken vir jou keuse van leesteken nie. Die kwaliteit van jou verduideliking (een óf twee redes) kan vir jou twee punte in die sak bring.] (2)

1.11 ***MS*** Verduidelik hoe die skrywer samehang in sy rubriekteks bewerkstellig deur die skakeling tussen die titel, die opmerking in paragraaf 4 en die oproep in paragraaf 16. (3)

IEB Copyright © 2022

1.12 Kies EEN van die volgende twee vrae om te beantwoord:

1.12.1 ***MS*** Watter een van die mensboeke wat in die rubriek genoem word, sou jy wou uitneem? Verduidelik jou keuse. (3)

OF

1.12.2 ***MS*** As jy 'n mensboek in The Human Library sou wees, wat sou jou titel wees? Verduidelik jou keuse. (3)

[25]

VRAAG 2

Gebruik ongeveer 30 minute vir hierdie vraag.

Lees die uittreksels uit 'n onderhoud met Annerle Barnard (Teks 2 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Watter tipe verhaal word in die roman *Spel* vertel as 'n kuborg een van die karakters is? (1)

2.2 Watter effek, dink jy, sal dit op die storie hê dat die kuborg onthou dat hy eers 'n mens was (paragraaf 4)? (2)

2.3 In die HAT6 (2015: 1016) word die woord **protagonis** (paragraaf 4) soos volg gedefinieer:

> **pro•ta•go•nis** *s.nw.* [~te] **1** (*toneelk.*) hoofrolspeler: *Die dorp se landdros is die protagonis en die verteller in die drama.* ≠ ANTAGONIS **2** kampvegter; voorvegter: *protagonis van die liberalisme* [**Grieks *protos* eerste + *agonistes* toneelspeler**]

Verduidelik, met verwysing na Teks 2, hoe al twee woordeboekdefinisies op Lukas van toepassing is. (2)

2.4 Benoem die skryfteken in die woord **wêreld** (paragraaf 4) en verduidelik die funksie daarvan. (1)

2.5 Skryf die onderstreepte sin in paragraaf 6 oor in die lydende vorm. (1)

2.6 ***MS*** Waarom, dink jy, is dit belangrik dat skrywers nie wegskram van moeilike temas in fiksiewerke nie? (2)

2.7 Gebruik 'n homoniem van die romantitel *Spel* in 'n sin wat die betekenis daarvan duidelik laat blyk. (1)

2.8 ***MS*** Sowel die onderhoudvoerder Naomi Meyer as die skrywer Annerle Barnard gebruik metafore om idees oor te dra. Kies EEN van die volgende twee voorbeelde en bespreek die **betekenis en effek** daarvan in die **konteks** van die teks.

1. "Vertel my van **die geboorte van jou storie** vir die roman *Spel*." (paragraaf 1)

2. "... het die storie en karakters net **kom aanklop**." (paragraaf 7) (2)

2.9 ***MS*** Lok hierdie onderhoud jou om die roman *Spel* te lees, of dalk juis nie? Verduidelik jou antwoord met verwysing na spesifieke feite in die teks. (3)

[15]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 3

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.

Situasie:

Jy is 'n lid van die komitee by jou skool wat geleenthede beplan.

Elke lid is gevra om vir die eerste vergadering 'n **kontrolelys** op te stel van dinge waarop gelet moet word tydens die beplanning van **alle** skoolgeleenthede.

Jy het amper vergeet om dit te doen, maar gelukkig kry jy die artikel in Teks 3 van die Addendum in 'n tydskrif en binne 20 minute is jou kontrolelys klaar!

Skryf nou jou lys neer met die opskrif: WENKE VIR TOPGELEENTHEDE.

Let op:

- Jou lys moet ongeveer 80 tot 90 woorde beslaan.
- Alle woorde, ook die lidwoorde, moet getel word.
- Die opskrif word NIE ingetel nie.
- Daar moet agt of nege items op jou lys wees.
- Gebruik by elke item op jou lys ’n **volsin**.
- Daar mag geen elliptiese sinne, slengterme of Engelse woorde op jou lys wees nie. **[10]**

50 punte

AFDELING B POËSIE

VRAAG 4 VOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.

Lees die gedig "demosthenes, die klippekouer, digby kalamata" deur Fanie Olivier (Teks 4 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

4.1 Verduidelik die kontras tussen die eerste twee strofes. Noem ook hoe dit skakel met die historiese figuur wat in die titel genoem word. (3)

4.2 Verwys na strofe 5. Bespreek hoe alliterasie (veral die s-klank en die k-klank) asook leestekens die spreker se groeiende insig in daardie strofe uitbeeld. (3)

4.3 ***MS* Hierdie gedig handel ook oor die digkuns self.** Bespreek hierdie stelling deur na strofe 6 en 7 te verwys. (3)

4.4 Verwys na strofe 3 en 8, wat albei slegs uit een versreël bestaan. Verduidelik die progressie wat deur hierdie twee strofes bewerkstellig word. (3)

[12]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag (indien dit die vraag is wat jy kies).

Lees die gedig "Negester en stedelig" deur D.J. Opperman (Teks 5 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

5.1 Bespreek die verhouding tussen die spreker en die aangesprokene soos dit veral uit strofe 1 blyk. (2)

5.2 Watter twee aspekte van die stadslewe word in versreël 16 tot 20 opgenoem en hoekom maak dit die spreker bekommerd? (3)

5.3 ***MS*** Stel in jou eie woorde die lewensles wat die spreker in strofe 3 formuleer. Verwys ook na die vraagsinne in die eerste vier versreëls van hierdie strofe (versreël 23 tot 26). (3)
[8]

OF

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag (indien dit die vraag is wat jy kies).

Lees die gegewe uittreksels uit die gedig "In Duitsland" deur Danie Marais (Teks 6 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

6.1 Stel in jou eie woorde watter indruk van Duitsland geskep word in die eerste twee strofes van die uittreksels. (2)

6.2 Verwys na strofe 6 (versreël 22 tot 30) in die uittreksels. Dink jy die spreker se siening van Afrikaans is positief of negatief gelaai? Verduidelik jou antwoord deur twee van die metafore in hierdie strofe te bespreek. (3)

6.3 ***MS*** Verwys na versreël 14 in die uittreksels. Wat, volgens hierdie gedig, sou die ervaring van 'n Suid-Afrikaner in **enige** ander land wees? (3)
[8]

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.

Lees die gedig "Die kind" deur Johann Lodewyk Marais (Teks 7 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

7.1 Vind 'n bewys in die gedig wat die spreker as 'n immigrasiebeampte identifiseer. (1)

7.2 Verduidelik die funksie van die lys wat in versreël 6 tot 9 voorkom, binne die konteks van die hele gedig. (2)

7.3 Identifiseer 'n vergelyking in die gedig en verduidelik hoe dit inpas by die gedig as geheel. (2)

7.4 Indien die spreker vir die aangesprokene "die genade van [sy] pen" (versreël 24) sou gee, hoe sou dit die aangesprokene se lewe kon verander? Betrek gegewens uit die hele gedig om jou antwoord te ondersteun. (3)

7.5 Hierdie gedig staan duidelik in 'n intertekstuele verband met Ingrid Jonker se beroemde gedig, "Die kind wat doodgeskiet is deur soldate by Nyanga". Bespreek een belangrike **ooreenkoms** en een belangrike **verskil** tussen die twee gedigte. (2)

[10]

30 punte

IEB Copyright © 2022

AFDELING C VISUELE GELETTERDHEID EN KRITIESE TAAL-BEWUSTHEID

VRAAG 8

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.

Bestudeer die twee spotprente deur Fred Mouton (Teks 8A en 8B in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

8.1 Verwys na Teks 8A.

8.1.1 Som die strekking van die spotprent op. Verwys na grootte-verhoudings, die emosies wat uitgebeeld word en die gebruik van detail in die tekenwerk. (3)

8.1.2 Die muisie, wat tradisioneel in Fred Mouton se spotprente kommentaar lewer, sê hier: "Ek sluk swaar aan die verhoging." Hoe pas sy opmerking by die uitbeelding in die spotprent? (2)

8.2 Verwys na Teks 8B.

8.2.1 Beskryf die verhouding tussen die insittendes in die motor deur te verwys na hulle liggaamstaal en gesigsuitdrukkings, asook die man se woordkeuse en die leestekengebruik in die spraakborrel. (4)

8.2.2 In hierdie spotprent vind daar 'n gesprek tussen twee muisies plaas:

Muisie A: Wat het die magneet vir die naald gesê?
Muisie B: Wat?
Muisie A: Ek vind jou baie aantreklik.

Hoe pas hierdie gesprek by die strekking van die spotprent? (2)

8.3 ***MS*** Verwys na al twee spotprente.

Bestudeer nou die onderstaande gegewens:

Petrolprys	2008	2022
Januarie	R7,23	R19,61
Februarie	R7,40	R20,14
Verhoging (in sent)	17c	53c

Bespreek die volgende stelling met spesifieke verwysing na die besonderhede van die twee spotprente:

"In die lig van die inligting in die tabel hierbo is die kontrasterende toon van die twee spotprente ironies." (3)

[14]

VRAAG 9

Gebruik ongeveer 10 minute vir hierdie vraag.

Bekyk die advertensie (Teks 9 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

9.1 Dui aan of jy die advertensie aanloklik vind of nie, en motiveer jou antwoord deur te verwys na die **visuele elemente** wat in die advertensie voorkom. (2)

9.2 Hoe oorreed die **bewoording** van die advertensie 'n potensiële koper? (2)

9.3 Hou die strekking van die twee spotprente (Teks 8A en 8B in die Addendum) in gedagte. Is hierdie produk wat in Teks 9 geadverteer word, vir jou 'n oortuigende manier om die probleem van stygende petrolpryse in jou lewe op te los? Verduidelik jou antwoord. (2)
[6]

20 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2022